# 'Tree beleefd op teenoor mekaar'

## Ferreira praat by Boekjol

Debbi Bam



**Jeanette Ferreira dink as skrywer gereeld buite die boks.**

Jy kan haar nie mis nie.

Jeanette Ferreira se vlammende rooi hare is die eerste ding wat jy van haar sien, maar dan begin sy praat.

Die oud-Jasmyner was die afgelope week by die Boekjol in die Acacia-gebou en het met *Kampus-Beeld* gesels. Haar liefde vir boeke en skryf gryp jou dadelik aan.

Jeanette skryf in Afrikaans en in verskillende genres. Dis vir haar moeilik om te onthou waar haar liefde vir skryf vandaan kom. Sy kan wel onthou sy het in gr. 2 'n opstelkompetisie gewen. Die prys was R5.

Haar ideaal is nog altyd om literatuur vir 'n breër gemeenskap te skryf en haar wens is dat meer mense die voordeel van lees sal ontdek. "Lees is die beste ontspanningsaktiwiteit waarmee jy jou kop steeds intellektueel oefen," het sy ná haar praatjie gesê.

Jeanette se vroegste skryfwerk het 'n sterk politieke inslag gehad en het oor die demokratiseringsproses van Suid-Afrika gegaan. Deesdae skryf sy oor die groter menslike vraagstuk van oorlog.

Haar roman *Die son kom aan die seekant op* wat sy verlede jaar voltooi het, handel oor genl. Louis Trichardt se trek na die noorde. Trichardt se dagboek het groot dele van die boek geïnspireer.

Sy sê musiek speel altyd in die agtergrond wanneer sy aan haar boeke skryf en vertel hoe Bruce Springsteen een van die sangers was wat help "skryf" het aan *Die son kom aan die seekant op*.

Jeanette is iemand met 'n goeie sin vir humor wat meen die mensdom sal sonder humor ongetwyfeld "sterf".

Sy beskryf haar lewe as 'n stuk geweefde materiaal met verskillende teksture. Sy erken sy is "baie emosioneel, maar danksy die humor wat in my lewe opduik, kan ek die pyn uitbalanseer".

Sy noem haarself "die alleenloper wat in 'n groot ou huis in Clydesdale bly. Dis 'n droom wat waar geword het, want uiteindelik kan ek ná 'n lang, besige dag met my voete op die grond sit." Sy het nog altyd in 'n woonstel gebly.

Sy kies die filosofie van ubuntu – 'n mens is mens deur ander mense – as een van haar lewensfilosofieë.

Jeanette se raad vir positiewe verandering in Suid-Afrika is juis om mekaar werklik te leer ken en verstaan.

"Ons land se antwoord is nie 'n politieke verandering nie, maar sal net gebeur wanneer studente (mense) beleefd teenoor mekaar begin optree," sê sy baie ernstig.





